Gimmie Griffie

23 Februarie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 6***

GEAGTE OUERS

Baie geluk aan ons atlete en sangspan wat by die Noordwes Interhoër baie mooi presteer het. 'n Baie groot dankie aan elke ouer en afrigter vir die harde werk.

Baie dankie aan al die ouers, leerders en juff. Mizelle Prinsloo en Madeleine Gerber vir al hulle werk, vriendelikheid en moeite met die besoek van die Sweedse groep aan ons skool. Dit bly 'n wonderlike projek en is baie verrykend vir ons leerders.

Woensdag 28 Februarie is dit die PUK-interskole-atletiek. Baie atlete (120) en enkele personeel gaan dit bywoon. Vir die res van die leerders is dit 'n normale skooldag en 'n normale skoolprogram sal gevolg word.

Ons herinner u aan die Beheerliggaam-verkiesing van 1 en 2 Maart. Woon dit asseblief by sodat daar 'n kworum kan wees.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

Al die graad 12 Wiskunde-leerders skryf Donderdag 8 Maart om 13:00 'n verpligte Wiskunde-toets.

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 26 Februarie
Seunshokkie: Proewe

Dinsdag 27 Februarie
Seunshokkie: Proewe
Ensemble-oefening
Toneeloefening (18:00-21:00)

Woensdag 28 Februarie
Atletiek: PUK-groep 1 en 2
Seunshokkie: Proewe
Kooroefening (18:00-20:00)

Donderdag 1 Maart
Seunshokkie: Proewe
BL-verkiesing (18:00)

Vrydag 2 Maart
Seunshokkie: 1ste *Curro* Klerksdorp
BL-verkiesing (12:00-14:00)

Saterdag 3 Maart
Wintersport vs. Ermelo (tuis)
Atletiek: NOWESSA
Dogtershokkie: Kemptonpark

ATLETIEK

Op Saterdag 17 Februarie het Gimmies geskiedenis gemaak deur as die eerste wenner van die Noordwes *Gold* Interhoër gekroon te word.

Die finale puntestand:

- Gimmies 827
- KHS 796
- Rustenburg 724
- Lichtenburg 705
- Wesvalia 693
- Volkies 578
- *Girls High/Boys High* 375
- Diamantveld 170

Junior Victrix Ludorum: Karmen Fouché.
Senior Victor Ludorum: Nardus Swart.

Beide die dogter- en seunspanne het ook die trofees verower as die onderskeie wenspanne. Gimmies verower dus al drie die spantrofeë!

KRIEKET

Gimmies se eerste krieketspan is wenners van hul afdeling in die *Finsbury*-reeks. Die laaste poelwedstryd is die afgelope naweek teen Montana gespeel, wat Gimmies met 110 lopies gewen het. Gimmies teken 235/8 in hul toegelate 50 beurte aan. Marco Jansen spog met 110 onoorwonne lopies. Montana word vir 125 lopies uitgeboul. Robert Cameron neem 3 paaltjies).

Die o/15's het hul wedstryd met 6 paaltjies verloor.

Daar is ook vroeër in verlede week vriendskaplik teen Cornwall Hill gespeel. Die eerstespan het met 6 paaltjies gewen. Duan Jansen teken 95 onoorwonne lopies aan en Ricus Swart teken 56 lopies aan. Die o/15's het met 6 paaltjies verloor Martin Bullock teken 34 lopies aan en neem ook 2 paaltjies.

SWEM

Op Vrydag 16 Februarie het die interhuis-swemgala plaasgevind.

Jnr. Victrix Ludorum: Jana van Rheede van Oudtshoorn
Jnr. Victor Ludorum: Juandré Uys
Snr. Victrix Ludorum: Irna Groenewald
Snr. Victor Ludorum: Botha du Toit

Botha is ook Dinsdag by die swem-interhoër in Pretoria as die Senior Victor Ludorum aangewys.

Voogklaswenners: Gr. 8E, 9D, 10B, 11B en 12E.

Al die leerders wat vir hulle klas geswem het, kan Vrydag tydens pouse 'n prys in juf. Mariëtte se klas gaan haal.

SKAAK

Uitslae van die afgelope twee naweke se NWP-toernooie:

2 Februarie (Volkskool)

A-afdeling: Niel Bekker (2de) en Anaïs Saayman (5de).

B-afdeling: Juan-Naudé Aslett (1ste).

17 Februarie (Wesvalia)

o/16-afdeling: Wiehan Jonker (1ste) en Juan-Naudé Aslett (2de).

Baie geluk aan elkeen van hierdie spelers. Die volgende toernooi vind op 10 Maart by die Hervormde kerk Die Wilge plaas. Registrasies sluit 7 Maart om 20:00.

TENNIS

Op Donderdag 1 Maart speel vier seuns en vier dogters 'n vriendskaplike wedstryd (tuis) teen Hoërskool Sasolburg.

Vanaf 9 tot 12 Maart gaan 'n junior- en seniorspan Gimmies by *Sun City* verteenwoordig.

SEUNSHOKKIE

Op 2 en 3 Maart neem die o/16- en senior spelers aan die *Curro*-toernooi in Klerksdorp deel. Dit vorm nog deel van die proewe.

Op Maandag 26 Februarie vanaf 14:30 tot 15:30 is die eerste seniorproewe op die Astro.

NOORDWES-JEUGORKES

Bernice Klopper is tydens die jaarlikse NWYO-kamp verkies tot Konsertmeester van die Noordwes-Jeugorkes.

Die orkes is nou 52 lede sterk en baie jong opkomende talent is deel van die orkes.

WÊRELDKENNIS-OLIMPIADE

Graad 8- tot 12-leerders kan by k.23 inskryf.

MODELWERK

Carmen Human is gekies om aan die *International Model and Talent Association* se SA-kongres deel te neem.

EKSTRA KLAS

Gimmie-personeel bied die volgende gratis ekstra klasse vir ons leerders aan.

GRAAD 12

Rekeningkunde (C Pienaar)
Dinsdae 18:15-19:30

Ekonomie (R Vermaak): Per afspraak.

Fisies/Wiskunde (H Boshoff)
(Sien tye op deur/bord)

Wiskundige Geletterdheid: Per afspraak.

Verbruikerstudie (8ste vak)
Donderdae 13:30-15:00

IGO (8ste vak): Dinsdae 17:00-19:00

RTT: Woensdae 17:00-19:00

GRAAD 11

Wiskunde (M de Wet)
Woensdae 15:30-17:00

Fisies/Wiskunde (H Boshoff)
Per geleentheid. (Sien tye op deur)

Verbruikerstudie (8ste vak)
Dinsdae 18:15-20:00

IGO (8ste vak & hulp)
Maandae 14:00-15:00

IT: Donderdae 14:00-15:00

RTT: Dinsdae 17:00-19:00

GRAAD 10

Verbruikerstudie (8ste vak)
Woensdae 18:15-20:00

Fisies/Wiskunde (A Schoeman)
Maandae, Dinsdae & Donderdae per afspraak.

IGO (8ste vak + hulp)
Donderdae 17:00-18:00

Rekeningkunde (R Vermaak)
Woensdae per aanvraag.

RTT: Maandae 17:00-19:00

GRAAD 9

Wiskunde (N Pienaar)
Donderdae 14:00-15:15

Fisies/Wiskunde (ASchoeman)
Maandae, Dinsdae en Donderdae. Per afspraak.

Engels (H Zaaiman)
Dinsdae 14:00-16:00

EBW/Rekeningkunde (R Vermaak)
Per afspraak.

GRAAD 8

Fisies/Wiskunde (ASchoeman)
Maandae, Dinsdae en Donderdae. Per afspraak.

EBW/Rekeningkunde (R Vermaak)
Per afspraak.

MUSIEK
Saam met 8ste vak klas. Dinsdae, Woensdae en Donderdae: 14:15-15:45

KUNS & KULTUUR
Dinsdae/Donderdae 14:30-17:00
Soms ook Woensdae en Maandae soos leerders versoek.

KLEREBANKTYE

Maandae & Vrydae: 13:40 tot 14:00
Indien daar enige skoolklere, -dasse, -skoene of -baadjies is wat oortollig by die huis is, bring dit asseblief na die klerebank.

RENOSTER-RED-PROJEK

Op Saterdag 24 Februarie vanaf 09:00 tot 11:00 kom deel mev. Carinda Habig die Renoster-red-projek (*Care for Wild)* met ons in die saal op Mooivalleipark. Almal wat by die Voortrekkers betrokke is of bloot net 'n hart vir dié saak het, word hartlik uitgenooi.

BANKIE-PROJEK

Baie dankie aan elke matriekouer wat sover 'n bydrae tot die oprigting van 5 stelle bankies en tafels gemaak het. Dis regtig 'n groot verbetering en die projek het begin met 'n eenvoudige uitdaging en oproep tot 'n bydrae tydens die oueraand. Sover het 9 uit die ongeveer 160 ouers gereageer en R7500 is reeds ontvang vir hierdie projek. Die bankies het R23000 gekos om te laat installeer en ons kinders gebruik dit tydens elke pouse en dit lyk pragtig. By voorbaat dankie aan elke ouer wat steeds hiervoor sal bydra en ons hoop om die volle bedrag voor die einde van die eerste kwartaal van 2018 in te samel. Dis heerlik om deel te wees van 'n fasiliteit vir ons kinders wat nog vir baie jare gebruik gaan word. U meelewing word opreg waardeer.
(Johan Raubenheimer)

Seunshokkie-oefentye 2018

	Ma.	**Di.**	**Wo.**	**Do.**
14A	Gras 3 16:30-17:30	**Astro 1** 16:30-17:45	Gras 3 16:30-17:30	**Astro 1** 16:30-17:30
14B	Gras 2 16:30-17:30	Gras 1 16:30-17:30	Gras 2 16:30-17:30	Gras 1 16:30-17:30
16A	**Astro 2** 14:30-15:30	*Gras 1,2,3 14:30-15:30	**Astro 1** 15:30-16:30	Gras 3 16:30-17:30
16B	Gras 1 16:30-17:30	*Gras 1,2,3 14:30-15:30	Gras 3 14:30-15:30	Gras 2 16:30-17:30
2de	**Astro 2** 14:30-15:30	Eie fiksheid	Gras 1 16:30-17:30	Gras 1: 14:30-15:30
1ste	**Astro 2** 14:30-15:30	**Astro 1** 16:30-17:45	**Astro 1** 15:30-16:30	**Astro 2** 16:30-17:45

***Dehann en Pierre**